Dit gaan saamspan verg om hongersnood doeltreffend te bekamp

Scott Drimie*

Wêreldvoedseldag word elke jaar op 16 Oktober wêreldwyd gevier om bewustheid oor honger en aksie vir die toekoms van voedsel, mense en die planeet te bevorder. Dit bied ook ’n geleentheid om die aandag op die harde werklikheid van voedselonsekerheid in Suid-Afrika en die dringende behoefte aan ’n transformerende benadering tot ons voedselstelsel te vestig.

Die broosheid van Suid-Afrika se voedselstelsel is sigbaar in die hoë vlakke van armoede en wanvoeding. Wanvoeding, hetsy in die vorm van groeibelemmering, vermorsing of vetsug, beïnvloed steeds die meerderheid van ons bevolking, veral diegene wat in armoede leef.

In ’n verslag getiteld “Reducing Child Poverty, A Review of Child Poverty and Value of the Child Support Grant” wat in opdrag van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling saamgestel is en 6 Oktober 2023 vrygestel is, het dit aan die lig gekom dat ’n verbysterende agt miljoen kinders in Suid-Afrika ’n tekort aan basiese voeding het en ’n geskatte 27,5% van die land se kinders se groei word weens wanvoeding belemmer. Volgens die verslag het “armoedesyfers in 2020 en 2021 skerp gestyg weens die staal van inperking en werksverliese”.

Die grondoorsake van Suid-Afrika se hongersnoodprobleem is ingewikkeld en wissel van politiek tot verouderde wette en tegnologieë en klimaatsverandering. Ons unieke landboulandskap, wat deur uiters droë streke en beperkte bewerkbare grond gekenmerk word, vereis innoverende oplossings. Ons moet verder gaan as intensiewe boerderypraktyke en eengewasstelsels wat die veerkragtigheid van ons ekostelsels in gevaar gestel het. Suid-Afrikaanse boere deel gereeld hulle ervarings oor die direkte en toenemende uitwerking van klimaatsverandering op hulle bestaan en baie mense wat nie die voorreg van versekering geniet nie, is oortuig van die behoefte daaraan om volhoubare en regeneratiewe boerderymetodes te omarm wat die omgewing koester, die hede beskerm en langtermynproduktiwiteit bevorder.

Maar dit is nie genoeg nie. Die transformasie van ons voedselstelsel en die bekamping van hongersnood kan nie deur geïsoleerde pogings bereik word nie. Dit vereis ’n verenigde, kruissektorale benadering wat die veelvuldige dimensies van die saak aanspreek. Die enigste haalbare pad vorentoe is samewerking, wat uiteenlopende belanghebbendes, insluitende kleinboere, die regering, NRO’s, besighede en gemeenskappe, byeenbring om ’n weg na ’n billiker, veerkragtiger en meer volhoubare voedselstelsel te baan.

Dit is die benadering wat in die Woza Nami-projek in Inchanga, KwaZulu-Natal gevolg word. Die doel van die projek was om die invloed van dieetveranderings op welstand te demonstreer. Met behulp van die ondersteuning en samewerking van die munisipaliteit, die kliniek, koöperasies, NRO’s en huistuiniers word ’n robuuste waardeketting geskep wat boere met die gemeenskap verbind en die beskikbaarheid van plaaslikvervaardigde, voedsame en kultureel relevante voedsel verseker. Honderd-en-tien kleinboere is opgelei in agro-ekologiese boerderymetodes en het die vloede wat die streek verlede jaar geteister het, weerstaan. Hulle verkoop nou hul produkte direk aan die gemeenskap by die Inchanga Agrihub se maandelikse mark. Deur Woza Nami is die hub met ’n groeitonnel, hoenderhok, demonstrasiebeddings, watertenks en 'n saailingkwekery aangevul. Vyf-en-sewentig plaaslike jeugdiges is in diens geneem en is by landbou-ekologie en voedingsopleiding, vergroeningsinisiatiewe en die bestuur van die hub se geriewe betrokke, maar eksterne ondersteuning sal van kardinale belang vir die uitbouing van die projek wees.

Kleinboere word dikwels oor die hoof gesien, maar hulle speel ’n sleutelrol in die bevordering van volhoubare voedselstelsels. Deur hierdie boere te ondersteun, word nie net kwesbare bevolkings deur informele markte nie bevoordeel nie, maar dit bevorder ook agro-ekologiese praktyke wat noodsaaklik is vir die toekoms van ons voedselproduksie. Ons werk daaraan om gelokaliseerde landboustandaarde daar te stel wat produksiepraktyke verbeter en marktoegang vergemaklik, terwyl ons ook pleit vir beleide wat boere in hulle belangrike rolle ondersteun.

Wanneer Suid-Afrika goed vaar, is dit gewoonlik danksy dialoog. Die voedselstelsel is geen uitsondering nie. Deur beraadslagende ruimtes te skep wat sosiale verdeeldheid oorbrug, kan ons verseker dat alle stemme gehoor en oorweeg word. Sulke dialoë lei tot uitvoerbare verandering op plaaslike en nasionale vlak, wat weer tot sosiale innovasies leie wat vordering in ons voedselstelsel bewerkstellig. As ons dan hierdie plaaslike inisiatiewe met besluitnemers verbind, versterk ons die impak daarvan.

Terwyl ons na die toekoms kyk, bly die Suider-Afrika Voedsellaboratorium daartoe verbind om vertroue te bou, innovasie te bevorder en lewens deur aksie te transformeer. Ons missie strek verder as ons organisasie – ons is hier om diegene wat dieselfde doel het, te ondersteun.

Suid-Afrikaners verdien ’n voedselstelsel wat sy mense voed en sy omgewing beskerm. Saam kan en moet ons deur dialoog, samewerking en aksie die uitdagings oorkom wat ons voedselstelsel teister en ’n Suid-Afrika bou waar niemand honger gaan slaap nie, en waar voedsel ’n bron van gesondheid en krag vir almal is.

Dr Scott Drimie is die Direkteur: Suider-Afrikaanse Voedsellaboratorium, ’n inisiatief wat in 2009 gevestig is om kreatiewe reaksies op die probleem van hongersnood deur veelvuldige belanghebbende dialoog en aksie te bevorder en funksioneer onder die vaandel van die Voedselsekerheidsinisiatief by die Universiteit Stellenbosch.